



Harvesters Besoek Vergete Dorpies nadat Organisasies Mosambiek Verlaat

Tropiese Sikloon Idai het Beira, Mosambiek op 14 Maart 2019 getref. Honderde mense het gesterf en duisende huise en plase is heeltetal vernietig.

Die ergste deel was nie n t die duisende Bybels en studiemateriaal wat vernietig is nie, maar die 18 leraars en 35 gemeentede wat ons aan die dood afgestaan het.

Daar is Lig in die Donker

Nadat die meeste organisasies die verwoeste areas verlaat het, kon Harvesters in beweging om dringende hulp te verskaf. Met cholera, malaria en ander siektes wat vinnig versprei as gevolg van 'n tekort aan skoon drinkwater en kos – is die behoefte groot.

Danksy ons getroue donateurs was dit moontlik vir Harvesters om Beira te besoek en die beskadigde studiemateriaal en Bybels te begin vervang. Om ons impak

soveel groter te maak het Harvesters in samewerking met Global Leadership Summit (Willowcreek, Chicago community) gewerk om ondersteuning aan honderde leraars en families wat direk deur die sikloon geraak is te bied. Daar is meestal kos, emmers met voorraad, Bybels en studiemateriaal vanaf 'n vergaderingspunt versprei.

Harvesters het talle gemeentes gehelp wat hulle Bybels verloor het deur nuwe Bybels vir hulle te gee. Alhoewel Mosambiek steeds baie hulp benodig om die Bybels te vervang wat beskadig is, kon ons op 'n baie kritieke tyd 'n verskil maak. ✨

Ook in hierdie Uitgawe:

2

Sending is steeds broodnodig!

4

Raak Betrokke by Harvesters



SENDING is steeds broodnodig!

Coca Cola het in 133 jaar gedoen wat die Kerk nie in 2 000 jaar kon doen nie

Daar is slegs twee lande in die hele wêreld waar jy tot vandag toe nie 'n Coca Cola kan koop nie, naamlik Kuba en Noord-Korea.

Meer as vyf biljoen mense ken steeds nie vir Jesus Christus nie, 52 lande het die Bybel verban en meer as 1 800 tale het steeds nie hulle eie vertaling van die Bybel nie.

Nog 'n hartverskeurende feit is dat 573 miljoen Christene van regoor die wêreld steeds nie toegang tot God se Woord het nie. Dink jouself in hoe dit moet voel om die Here te dien sonder dat jy toegang tot die Bybel het. Hoe is dit moontlik om in jou geloof te groei as jy nie daaglikse tyd in die Woord kan spandeer nie?

Wat Doen Ek en Jy om 'n Verskil te Maak?

Harvesters Ministries lei leraars en studente-leraars in meer as 60 lande op. Hierdie opleiding geskied tans in 43 tale. Hierdie leraars en studente-leraars word in evangelisasie, dissipelskap en kerkplanting opgelei. Ons streef ook daarna om Bybels in die hande van leraars, studente-leraars en nuwe gelowiges te plaas. Ons sal egter glad nie hierdie taak sonder die hulp van ons ruimhartige donateurs kan aanpak nie.

Dankie aan elke getroue vennoot wat dit vir Harvesters moontlik gemaak het om onlangs twee Bybelplasinge in verskillende dele van Malawi te kon hê.

Waarom juis Malawi? Malawi is een van die armste lande ter wêreld waar talle van ons broers en susters nie 'n Bybel van hulle eie besit nie.

Monkey Bay Bybelplasing

Die span van 49 mense van Harvesters en die Gereformeerde Kerk Jeuggroep het Bybels in die hande van God se kosbare kinders in Malawi geplaas. Om te sien hoe iemand se gesig ophelder wanneer hulle, hulle eerste Bybel ontvang, is 'n onvergeetlike ervaring. Wanneer jy dit ervaar, verstaan jy werklik waarom Christene die lig van die wêreld is.

Terwyl ons deur hierdie armoedige land reis, het ons herhaaldelik gehoor hoe gelowiges sê: "God is altyd goed!" Dit is ongelooflik om hulle merkwaardige toewyding te beleef en om te sien hoe iemand werklik in totale afhanklikheid van die Here leef. Dit is so maklik om soms in God te twyfel, selfs al is ons omstandighede baie beter as dié van ons broers en susters in Malawi s'n.

Ons het Bybels na mense toe geneem wat spesiaal vir ons gewag het. Waar die teerpad 'n grondpad word, die grondpad 'n tweespoorpad en die tweespoorpad 'n voetpad. Van daar af dra jy die bokse Bybels verder tot by 'n kerk waar gelowiges wag om 'n boodskap te ontvang wat God vir hulle wil gee. Hulle moet nie net van hulle eie redding seker wees nie, maar moet dissipels vir Jesus Christus maak!

Een getuigenis wat vir my uitgestaan het, was dié van Thomas Chiluzi, 'n studente-leraar in Mangochi. Toe hy sy Bybel ontvang, het hy gesê: "Ek wil die Here dank vir hierdie Bybel wat ek ontvang het. Ek kon net die Nuwe Testament gebruik om die Evangelie te verkondig. Dit was moeilik vir my om oor die hele Bybel te preek en party mense het vroeë gevra oor die Ou Testament. Nou het ek



Wanneer jy hande vat met Harvesters maak jy die weg oop sodat die onbereiktes Jesus kan leer ken en – deur die wat tot bekering kom – kerke plant in van die moeilikste plekke ter wêreld. Dankie vir jou geskenke en gebede!



die hele Bybel en ek sal nou die Woord beter verstaan. Dit sal nou vir my makliker wees om die Bybel te verstaan en om dissipels te maak.”

’n Groot totaal van 3 106 Bybels (802 Engels en 2 304 Chichewa) was aan leraars, studente-leraars en gemeentelede van 380 kerke, wat aan Harvesters verbind is, uitgedeel. Hierdie kerke is in die ooste van Malawi in Monkey Bay, Cape McClear, Mangochi, Balaka, Machinga en Zomba geleë.

Bangula Bybelplasing

God het ons geweldig geseën en ons was bevoorreg genoeg om Malawi vir ’n tweede keer te besoek. Hierdie keer het ons na die Bangula streek gereis.

Party van die leraars wat Bybels vir hulle gemeentes ontvang het, het reeds meer as 50 kerke in hulle streek geplant. Ons dank die Here vir hulle toewyding!

David Morishu, die Hub-leier in Chididi, het vir ons 2 Timoteus 2:10 gelees: *“Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang.”* Hierdie vers was vir ons as span ’n ware seën en kosbare boodskap. Ons het hierdie vers as motivering vir die res van ons reis gebruik.

Ons het meer as 43 uur lank gereis voordat ons uiteindelik by ons eerste bestemming in Malawi aangekom het – ná ’n groot gesukkel met pap wiele langs die pad. God het die regte mense oor ons pad gestuur wat ons gehelp het om veilig in Malawi aan te kom. Aan God al die eer! Ons doen alles wat ons doen net om Hom te eer.

Een van die areas wat ons besoek het, is Chididi. Chididi is ’n heuwelagtige en verafgeleë gebied. Dit is baie moeilik om daar uit te kom aangesien die paaie ook nie in ’n baie goeie toestand is nie. Ons span het die opoffering gemaak en het nie toegelaat dat slegte paaie in hulle pad staan

nie. Hierdie gemeenskap was so opgewonde om hulle Bybels te ontvang. Hulle het ons hartlik bedank en aan ons getuig dat hulle al baie lank wag om hulle eie Bybels te besit.

Ons het ’n groot totaal van 2 400 Bybels aan behoeftige gelowiges uitgedeel. Hierdie Bybelplasing sou nie moontlik wees sonder God se genade en die ondersteuning van ons getroue donateurs nie.

God voorsien altyd!

Ons dank die Here vir getroue donateurs wat dit vir ons moontlik maak om te reis en broodnodige Bybels aan gelowiges uit te deel. As jy graag ’n Bybel in die hande van ’n gelowige wil plaas, kan jy ’n boks Bybels vir R3 000 borg of jy kan ’n donasie van R150 maak om ’n enkele Bybel in die hande van ’n gelowige te plaas. ♡

Harvesters Ministries
ABSA Bank
Rekeningnommer: 4075041297
Takkode: 632005
Verwysing: OC1019WB



Danksy getroue ondersteuners soos jy, het die span 2 400 Bybels aan gelowiges in Malawi versprei wat verheug en opreg dankbaar was.

Raak Betrokke by Harvesters!

Ons het verskeie platforms wat jy kan gebruik om by Harvesters betrokke te raak.

Facebook

Volg ons op Facebook deur ons Harvesters Ministries Facebookblad te gaan volg. Daar sal jy op hoogte bly van die wonderlike werk wat Harvesters doen. Volg die onderstaande skakel om ons Facebookblad te besoek en vandag nog meer betrokke te raak by Harvesters: www.facebook.com/harvestersmin/.

Instagram

Volg Harvesters Ministries op Instagram en ontvang gereelde brokkies nuus vanuit die veld. Volg die onderstaande skakel en volg ons op Instagram: www.instagram.com/harvestersministries.

Webtuiste

Besoek ons webtuiste vandag nog by www.harvestersministries.com en teken in vir ons maandelikse gebedsriglyne en nuusbriewe. Jy kan die nuutste blog artikels op ons webtuiste lees, videos kyk oor ons werk en ingelig bly oor waarmee Harvesters besig is.

Dissipelmakers Kursus

Opwindende Nuus! Jou gemeente kan nou voordeel trek uit die ervaring en kennis wat Harvesters Ministries oor 20 jaar opgebou het in kerkgroei, evangelisasie en dissipelskap! **Die Dissipelmakers kursus is 'n nuwe projek wat spesifiek daarop gemik is om gemeentes te help om deur effektiewe gemeenskapsevangelisasie te groei en van nuwe bekeerlinge dissipels te maak wat uitgaan en nog dissipels maak.** Die kursus is reeds met groot sukses by gemeentes in Kaapstad en in Gauteng aangebied. Harvesters Ministries bied tans hierdie kursus gratis by belangstellende gemeentes aan. Vir meer inligting, of om te reël dat een van ons ervare aanbieders die kursus by jou gemeente kom aanbied, kontak ons by info@harvestersministries.com.

Gebedskalender

Laai jou maandelikse gebedsriglyne by www.harvestersministries.com/sa/gebedskalender/ van ons webtuiste af en bid saam met ons. Daar is baie krag in gebed en dit sal vir ons die wêreld beteken as jy saam met ons sal bid en ons sal help om God se Koninkryk regoor die wêreld uit te bou.

Harvesters
MINISTRIES

www.harvestersministries.com

Vrypos CB114-32 • Strand, 7139 (Geen posgeld binne Suid-Afrika benodig nie)

Eenheid 9, Tazra Park 2 • Somerset West Business Park •
Somerset-Wes, 7130 • Suid-Afrika

Telefoon: 011-955-1814 of 021-300-5629

Die Pilare van Harvesters Ministries



Evangelisasie

Opleiding in Evangelisasie by die plaaslike inheemse kerk.



Dissipelskap

'n Gratis dissipelskapkursus maak die weg vir mense oop om die Bybel te lees en te verstaan en gemotiveerd te raak in hulle nuutgevonde geloof.



Pastorale Opleiding

Opleiding en mentorskap om volhoubare leierskap te ontwikkel word deur 'n drie jaar kursus by die Hub-kerk verkry.



Bybelplasing

Bybels wat in plaaslike tale na nuwe kerke versprei word in areas waar daar 'n geweldige tekort is, sodat nuwe Christene in hulle geloof kan groei.



Eksponensiële Kerkgroei

Kerke wat die potensiaal het om oor 8 jaar te groei na 30-40 nuwe kerke.